BUNDEL A: DIE BEGIN (GENESIS 1-50)

Inhoudsopgawe

Inhoudsopgawe 2
Opsommende gedigte 4
Genesis 4
Die Oergeskiedenis 5
Die skeping en sondeval (Gen 1-3). 6
Skepping en herskepping tot My eer 6
Skepper Heer, alle eer 7
Die beeld van God 8
God regeer 9
Sondeval 10
Die Boom van die lewe 11
Werk – waar is jou perk? 12
Abel tot die toring van Babel (Gen 4-11). 14
Simmetrie in die Noag verhaal 14
Wat bou jy? 15
Noag se boodskap vandag 16
Die reënboog 17
Die toring 18
Abraham (Gen 12-18). 19
Abraham 19
Abram se roeping 21
Abraham glo God se beloftes 22
God sluit 'n genadeverbond met Abraham 23
God bevestig sy verbond met 'n teken 24
Lewenskeuses 25
Isak (Gen 18-24). 26
Abraham glo, maak jy ook so 26
Onmoontlik? 27
Tien kon Ek nie kry 28
Isak en die offer 30
Vervulling van beloftes 31
Die getroue slaaf 32
Jakob (Gen 25-36). 34

Wat jy moet sien, is dat jy die nie verdien... 34
Verkul na God se wil 35
Lea en Tamar 36
'n Volk deur jaloesie 37
’n Nuwe naam 39
Josef (Gen 37-50). 40
Van slaaf na koning 40
Josef, die seun 42
Josef die slaaf: God by ons 43
Josef die tronkvoël: Aan God die eer 44
Josef die koning: God se plan 46
Jakob se seën (Gen 49) 47

Opsommende gedigte

Genesis

In Genesis een tot elf,
kan jy gerus maar delf.

Daar was vier oer gebeure:
Skepping, sondeval,
vloed en toringmal.

In die res van die boek
kan jy ook maar soek.

Daar was vier groot here:
Abraham, as volksvader geag.
Isak amper as lam geslag.
Jakob van bedrieg na eer.
Josef leer God in beheer.

Maar as jy die kern soek
van hierdie eerste boek:

Die God wat alles maak,
het betrokke geraak
en ‘n verbond gegee,
met beloftes daarmee:

Hy het beloof ‘n land
en kinders soos sand.
Vir die nasies tot seën,
deur Christus alleen!

Die Oergeskiedenis

God het alles in ses dae gemaak:
deur Sy stem, die skeppingstaak. (Gen 1,2)
Adam en Eva het van die boom geëet
en straf word vir die mensdom afgemeet. (Gen 3).
Buite die paradys word nuut begin
'n geslagsregister lei die tydperk in. (Gen 4,5).
Die mens se verval was nie goed,
daarom straf God met 'n vloed. (Gen 6).
Daar is weer nuut begin
deur Noag en sy gesin. (Gen 8-10).
Hul dink die toring kan die hemel haal,
maar God straf hul en verwar hul taal. (Gen 11:1-9).
Met Abraham het God weer nuut begin,
dit lei die oorsprong van die volk Israel in. (Gen 12 en verder).

God het jou ook gemaak
met 'n spesefieke taak.
Jou verval is glad nie goed:
Jy gaan nog daarvoor boet…
Deur Christus se kruis is jy vergeef.
Deur hierdie begin kan jy nou leef!

Die skeping en sondeval (Gen 1-3).

Skepping en herskepping tot My eer

God se magtige skeppingsdaad
kom bloot deur net te praat (Gen 1)
Die hemel getuig van Sy mag,
die uitspandel besing Sy krag (Psalm 19:1-3)
Hy het die mens geskep tot Sy eer. (Gen 1:25-26, Jes 43:7)
Ja, alles is geskep vir en deur Jesus, ons Heer. (Kol 1:16)

> Satan het kom leer:
> Soek jou eie eer... (Rom 3:1-5)
> In die plek van die heerlike onverganklike God,
> stel die mens homself en beelde wat verrot... (Rom 1:21-23)
> Die dood het deur een mens, Adam, gekom
> en ons sterf ook weens ons vebondenheid aan hom.

Die opstanding het deur een Mens, Jesus, gekom
en so kry ek die ewige lewe deur Hom. (I Kor 15:20-22, Rom 5:15-19, I Pet 3:18)
Met dieselfde krag van Sy skeppingsdaad,
is niks na my wedergeboorte diesefde gelaat.
Die Heilige Gees het my kliphart omgekeer:
Nou wil ek uit dankbaarheid God prys en eer! (II Kor 3:18, 4:6)

Skepper Heer, alle eer

God het die hemel en aarde geskep
deur net eenvoudig woorde te rep.
Die Gees het op die waters gesweef.
God het gesê en toe begin dit leef. (Gen 1:1-3)

In die begin was die Woord daar
Self is Hy God, word daar verklaar.
Alles het deur Hom tot stand gekom,
ja, alles het ontstaan deur Hom. (Joh 1:1-3, 1953)

Hy is die Eersgeborene van alles gemaak.
In Hom is alles geskape, al sien ons dit nie raak. (Kol 1:15-17,1953, Heb 1:1-2, Kol 1:16)
Die hemele vertel die eer van God.
Die uitspansel verkondig: liefdesgebod! (Ps 19:2,1953)

Met God se skeppingskrag,
bring God se woorde die dag.
Net so het Hy ‘n lig in ons harte geskyn
en so het die heerlikheid van God verskyn. (II Kor 4:6)

Ek sal sê aan die noorde: Gee!
Elkeen wat My naam beklee,
want Ek het hulle geformeer
ja, geskape tot My eer! (Jes 43:6-7, 1953)

Die beeld van God

Toe het God gesê: “Kom Ons maak die mens
as ons verteenwoordiger, ons beeld, is My wens,
sodat hy kan heers oor die vis in die see,
die voëls in die lug, en die diere daarmee.” (Gen 1:26-27, Ps 8:4-9)

As Sy beeld moet ons reflekteer
hoe lyk God se heerlikheid en eer.
Sodat ander mense Hom kan sien
en lus word om Hom ook te dien... (Ps 8:4-10)

Die mens bly verbode vrug begeer
en wil van alle kennis leer. (Gen 3:4-5)
So sondig hulle teen hul Heer.
en reflekteer Sy beeld nie meer. (Rom 3:23)

Hy moes sy Seun toe stuur,
om pyn en smart te verduur.
Ja, Hy, die ware beeld van die Heer,
om sondaar mense te bekeer. (Kol 1:15, Fil 2:6-8)

O God, ek bly ook die verkeerde begeer
ja, ek vertoon U beeld glad nie meer… (II Kor 4:4)
Here werk so in my, deur U Gees,
dat ek meer en meer soos U kan wees! (Rom 8:28-30, II Kor 3:15-18)

God regeer

U hou alle dinge in stand.
Ja, alles is in U hand. (Heb 1:3)
Nie eers ‘n haar val van my hoof
sonder U wil, het U beloof. (Luk 21:18)

U is ten volle in beheer.
U is die een wat regeer. (Heb 1:4)
Al voel dit soms U moes keer,
selfs dan was dit U wil, o Heer. (Gen 50:20)

Dis U manier om my te smee
en so werk alles ten goede mee. (Rom 8:28)
U gebruik elke aardse daad
as deel van U ewige raad. (Ef 1:3-6)

Selfs deur die seer
is U besig om my te leer. (I Pet 1:6-7)
Daarom wil ek U eer
vir alles wat gebeur. (Ef 1:6)

Sondeval

Adam was alleen.
Eva uit ribbebeen. (Gen 2:22-24)
Die slang was listig.
Eva eet rustig. (Gen 3:1-6)

Adam eet saam,
Eva is skaam.
Klere van blaar,
God weet klaar. (Gen 3:7-11)

God jaag uit.
Slang wil byt.
Eva ‘n onderdaan.
Adam werksbestaan. (Gen 3:14-19)

Ek eet saam:
o, so skaam!
Ek wil skuil,
my klere vuil…

Tweede Adam kom:
Alle straf op Hom!
Ek van sonde vry:
Wit klere gekry! (I Kor 15:20-22, Rom 5:15-19)

Die Boom van die lewe

Vir die vrou het God gesê:
Jy sal met pyn kinders hê.
Na jou man sal jy smag,
maar oor jou het hy mag. (Gen 3:16)

Adam, omdat jy jou eie eer soek,
is die aarde deur jou toedoen vervloek.
Net deur harde werk sal jy eet,
jou einde is stof, moet jy weet. (Gen 3:17-18)

God het vir hulle velklere gemaak
en die toegang tot Eden bewaak.
Hulle is weggehou van die boom van die lewe...
Sou God, uit genade, hulle vergewe? (Gen 3:20-24)

Kain en Abel:
Dood is nie meer ‘n fabel.
Set:
Wys dat God genade het!

Deur Lasarus se siekte sal julle God se heerlikheid sien
en Jesus sal daardeur die eer van die mense verdien. (Joh 11:4)
Wie in My glo, sal lewe, selfs as hy sterwe.
As jy dit glo sal jy die ewige lewe beërwe: (Joh 11:25-26)

Die wat glo sien die heerlikheid van die Heer, (Joh 11:40)
Lasarus kom uit! En hy lewe toe weer...
Ek is die weg na die boom van die lewe,
net deur My sal die Vader jou vergewe. (Joh 14:6)

Efese kry 'n waarskuwing wat my laat bewe,
met 'n belofte: Kom na die Boom van die lewe. (Op 2:1-7)
Skoon wit klere wys ek is vergewe.
en mag eet van die boom van die lewe! (Op 22:14)

Werk – waar is jou perk?

In vandag se gejaagde lewe,
wil my moed my amper begewe:

Almal jaag net na groter wins.
Koud en hard is nie meer ‘n kuns.
Aandele, bonusse en ‘n groter pakket –
Net beskore vir die wat reeds baie het…

Meer met minder, groter effektiwiteit
met afleggings ‘n groot waarskynlikheid
Die maalkolk suig ons na binne –
Hoe bly ons by ons sinne?

Net soos Spreuke se besige mier,
so hardloop ons deesdae hier:
holderste bolder, ja, winter-bang
vir die werkgewer-koue wat wil vang! (Spr 6:5-11)

As mens die werk van God aanskou
dan begin die ding homself ontvou.
Die hemel getuig van Sy grote mag,
dag en nag praat net van Sy krag. (Ps 19:1-7)

Volmaak is die Here se boek,
selfs soeter as ‘n heuningkoek!
Met die kompas van die Woord,
soek ek na “werk” se ware noord: (Ps 19:8-12)

Reeds in die paradys uit God se mond:
“Vermeerder, bewoon en werk die grond” (Gen 1:28)
Wie sal die opdrag na die val vergeet:
“Net deur harde werk sal jy kan eet” (Gen 3:19)

Waar is dan “werk” se kruks?
Prediker: “Alles kom tot niks?”
Nee, ek is seker daar is meer
om uit God se Woord te leer… (Pred 1:14)

Die woorde van die wet is sterk:
“Ses dae moet jy arbei en werk,
maar die sewende is vir jou rus”
Trooswoorde wat ons te maklik mis? (Ex 20:9)

Vergeefs werk die wat bou
as hulle nie op God vertrou! (Ps 127:1-2)

Doen alles net tot God se eer,
dan sal kommer jou nie verteer. (I Kor 10:31)

Die dood se angel is oorwin,
nou maak werk-vrae baie sin:
moenie laat jou moed jou begewe,
want daar kom ‘n ewige lewe! (I Kor 15:53-58)

Omdat ons nou in Jesus Christus glo,
verander die ou sondige lewe so:
maak julle gees en gedagte nuut –
werk en gee vir die arme verniet! (Ef 4:20-28. II Tes 3:6-13)

So, in vandag se gejaagde lewe –
rus goed op dag nommer sewe.
Werk dan voluit tot God se eer,
en hou moed - Hy kom weer!

Abel tot die toring van Babel (Gen 4-11).

Simmetrie in die Noag verhaal

Noag het naby GOD geleef
en na regverdigheid gestreef.
  Korrup was die AARDE,
  vrede het nie meer waarde.
    “Ek gaan alle mense VERDELG,
    die wêreld met water verswelg”
      Gehoorsaam het hy ark ‘n geBOU
      om twee van alle diere te hou.
        Noag en sy hele gesin
        en die diere gaan toe IN.
          Die weer het opgesteek
          en FONTEINE het oopgebreek.
            WATERS het oor berge GESTYG.
            Drenkelinge het na asem gehyg.
              GOD HET AAN NOAG GEDINK
              en die wind nader gewink.
            God het die vensters toegemaak
            en die WATER het MINDER geraak.
          Die duif vlieg jublend hoog
          en Noag weet – als is DROOG!
        Noag, sy kinders en bruid
        en die diere gaan toe UIT.
      Dadelik BOU hy ‘n altaar
      en dank God: die vloed is klaar.
    “So lank die aarde nog bestaan
    sal dit nie weer met water VERGAAN”
  Die AARDE word geseën,
  dier word aan mens geleen.
GOD sluit ‘n verbond vir elke oog
en in die wolke verskyn sy boog.

Wat bou jy?

Dit het die Here bedroef gemaak
om te sien hoe sleg het die mens geraak.
“Ek sal die mens van die aarde af vee
en so ook die diere daarmee.” (Gen 6:5-8)

God het eers gewaarsku en geduld gehad (II Pet 2:5)
maar daarna sy donderstem losgelaat. (Job 36:22-3, 37:1-5, 11-13)
Maar God het Noag genade bewys
en in geloof bou hy ‘n drywende huis. (Gen 6:8,17-20, Heb 11:7, II Tes 2:13-14)

Het jy nog nie die waarskuwing gehoor?
God se finale oordeel lê nog voor! (Matt 24:37-40, II Pet 3:7)?
Aan jou het Hy genade bewys,
waarom bou jy dan nie aan Sy huis?

Noag se boodskap vandag

Noag is gered deur geloof
in dit wat God vir hom beloof. (Heb 11:7)

Die ander het geëet en gedrink en getrou
en nie op God se beloftes vertrou.
Noag was veilig agter die ark se deur
die ander is deur die vloed weggesleur.

Niemand weet wanneer is die uur,
wat God sy Seun weer aarde toe stuur.
Vir party is Hy die Ingang, die deur.
Ander het die kans op redding verbeur! (Mat 24:36-42)

Tydens jare se bou van die ark is God se genade verset.
Die gevolg was dat net agt mense is deur water gered.
Jy is met water gedoop sodat jy kan onthou:
Christus het die dood oorwin en so red Hy jou! (1 Pet 3:18-22)

Jy word gered deur jou geloof:
Hou vas aan wat God jou beloof! (Heb 11:7)

Die reënboog

Toe Noag en sy gesin die ark verlaat,
was ‘n offer aan God hul eerste daad. (Gen 8:20)

Seisoene, dag en nag, sal altyd bly bestaan:
julle sal nie weer met ‘n vloed vergaan.
En wanneer die reënboog verskyn in prag,
onthou dan My belofte bly altyd van krag. (Gen 9:9-11)

Maar ook vir joú is die reënboog boodskap nog van pas.
Ja, jy liewe leser, jy is ook van jou sonde skoon gewas. (I Pet 3:21-22)
So seker as wat die reënboog in die wolke verskyn,
so seker sal My liefde vir jou nooit verdwyn. (Jes 54:9,10)

O God, dag en nag laat my weer besin,
ja, U seun kleur selfs die herfsblare in.
Laat ander die vreugde in my oë bespeur,
want U het my hart met 'n reënboog ingekleur.

Die toring

Die mens dink hy is kragtig
en bou Babel – hoe pragtig…
Maar God is hoog almagtig,
met taal word verwarring bekragtig. (Gen 11)

O God, ek probeer my eie toring bou
in plaas van om op U te vertrou.
Laat U Gees ook op my daal,
dan verstaan ek U liefdestaal! (Hand 2)

Abraham (Gen 12-18).

Abraham

A. Die twee beloftes: nageslag en land (Gen 12:1-9).
“Trek ver weg uit jou land
en weg van jou familieverband.
Ek sal jou ‘n groot nasie maak
en jy sal van groot betekenis raak.

Jou nageslag sal die land erf
waarna jy en Sarai sal swerf.”
Abraham bou uit klip ‘n altaar
om God te wys hy is dankbaar.

B. Twyfel en geloof by Abram (Gen 12:10-14:24)
Abram sê Sara is sy suster.
Waar is die groot geloof van gister?
Maar God het Farao met plae getref
en hom die waarheid laat besef.

Die veewagters het begin twis,
Abram het by Lot se besluit berus:
Lot vat die waterryke Jordaanstreek
al lyk Abram se deel maar bleek.

C. Die bevestiging van God se belofte (Gen 15:1-18)
Abram besluit om maar self te begin
en Ismael word gebore uit sy slavin.
God beveel ‘n teken om op te steun:
Ek bevestig die verbond – besny elke seun!

Op hoë ouderdom van nege en negentig,
het Sara oor ‘n moontlike geboorte gelag.
Maar ‘n jaar later is Isak gebore
en die verbond was nie verlore!

D. Sodom en Gomorra (Gen 18:16-19:38)
Al was die regverdiges net tien,
sou God van sy plan afsien.
Maar in Sodom en Gomorra te vind
was regverdig – net Lot en sy twee kind.

Lot het gevlug in die oggend uur,
die stede verwoes met swaelvuur.
Lot se vrou het na agter gestaar,
sy is vandag nog ‘n soutpilaar.

C. Die vervulling van God se belofte (Gen 20:1-21:34)
Abraham sê weer sy vrou is sy suster.

Alweer is die groot geloof ligter.
Maar God verskyn aan Abimelek in ‘n droom
en hy gee sy vrou sonder om te skroom.

God het Hom aan sy belofte verbind:
Isak is gebore – Abraham se eerste kind!
Ismael is na die woestyn gestuur,
maar God het gehelp dat hul dit verduur.

B. Geloof sonder twyfel by Abraham (Gen 22:1-24)
God beveel: “Gaan offer jou enigste seun.”
Op groot geloof moes Abraham toe steun.
“Pa, die lam wat ons moet slag kan ek nie sien?”
“My seun, God sal sy eie offerlam voorsien…”

Abraham vat die mes om sy seun te slag…
“Abraham! Nou weet ek dat jy my dien. Wag!”
Agter hom was ‘n ram om te brand
En God beloof so baie kinders soos die sand.

A. Die twee beloftes: ‘n stukkie land en tekens van ‘n groot nageslag (Gen 23:1-25:18)
Op honderd sewe en twintig jaar het Sara gesterf.
En Abraham koop ‘n graf as eerste erf.
‘n Slaaf gaan soek vir Isak ‘n vrou –
Rebekka, stem toe in om met hom te trou.

Aan die einde van sy lewe dink hy terug.
Hy het ‘n vol geloofslewe agter die rug.
Hulle begrawe hom ook in Makpela grot
met die wete – beloftes word gehou deur God!

Abram se roeping

Die Here het vir Abram gesê:
“Trek na die land wat ek wil hê.
Jou nageslag sal Ek ’n groot nasie laat raak.
Ek sal jou ’n man van groot betekenis maak.” (Gen 12:1-3)

Abram was gehoorsaam aan die Heer (Gen 12:14)
en in die beloofde land geoffer tot Sy eer. (Gen 12:8)

Ook jy het deel aan Sy belofte vir ’n land
en beloftes van seëninge uit God se hand.
Is jy in gehoorsaamheid oppad na jou Heer?
Is jy besig om Hom elke dag met offers te eer? (Ps 105:1-8)

God wou jou ongehoorsaamheid wreek
maar deur Christus is jy vrygespreek! (Rom 5:19)
As jy Sy beloftes verstaan:
Loof die Here, roep Hom aan! (Ps 105:1)

Abraham glo God se beloftes

Here ek gaan kinderloos sterf,
'n slaaf gaan my besittings erf. (Gen 15:2,3)
Die Here het hom buitentoe laat gaan
Abraham, dít is wat jy moet verstaan:

Jou nageslag so baie soos die sterre daarbo,
dit is die belofte waarin jy moet glo. (Gen 15:5)
Abraham glo toe daardie teken
en dis hom tot geregtigheid gereken. (Gen 15:6, Rom 4:3, 1953, Heb 11:11-12)

Abraham se vryspraak is ook vir jou opgeteken
sodat jy verstaan wat Jesus se opstanding beteken:
As jy ook heelhartig in God se beloftes glo,
is jy een van Sy kinders, soos sterre daarbo! (Rom 4:23-25)

God sluit 'n genadeverbond met Abraham

Jy moet ’n dier middeldeur sny
vir die verbondsluiting met My. (Gen 15:10)
Hierdie land sal eendag aan jou behoort
oor vier geslagte pluk jul druiwe van ’n boord.

Die fakkel het, toe die son ondergaan,
alleen tussen die vleis deurgegaan. (Gen 15:17)
Die verbond is eensydig gesluit
en het ook sy nageslag ingesluit. (Gen 17:7)

Hierdie verbond was net ’n skaduwee
totdat Christus daarin sou tree. (Heb 8:5)
Die verbond se wette is nou
in elkeen se hart toegevou. (Heb 8:10)

God bevestig sy verbond met 'n teken

Abraham, al is jy al nege en negentig,
moet jy nou besef: Ek is God almagtig. (Gen 17:1)
Ek sluit ’n verbond met jou wat ewig bly.
Jy sal ’n groot nageslag van my kry.
Jou nageslag sal hierdie land besit.
Besny as teken, elke manlike lid. (Gen 17:7-11)

Hierdie verbond wat ewig bly,
geld ook nog vir jou en my.
Ja, met bloed is ons gekoop
en die teken daarvan is die doop. (Kol 2:9-15)
Jou lewe kan nou anders wees,
want jy is gedoop met die Gees. (Mat 3:11, Rom 6:3-4)

Lewenskeuses

Abraham en Lot kon nie genoeg kos vir hul vee kry
en daarom het hulle besluit dat hul paaie moet skei. (Gen 13:6)

Lot, as jy links kies sal ek regs gaan.
Lot kies toe die vrugbare Jordaan.
Hy het by Sodom sy tent opgeslaan,
die stad met die sondige bestaan... (Gen 13:9-13)

Abraham was aan die verbond getrou
en het in Hebron vir God ’n altaar gebou. (Gen 13:18)

’n Jaar of wat later kom die uur
wat God Sodom wil straf met vuur.
Lot se vrou het terug gestaar
en verander in ’n soutpilaar. (Gen 19:24-26)

God se keuse oor my is 'n wonder:
Deur Sy Gees het Hy my afgesonder! (II Tes 2:13, I Pet 1:2)
Jesus word in Getsemane stil
Sy lewenskeuse: Na God se wil! (Mat 26:42, Luk 22:42)

Wat bring jou van stryk
as jy na die opsies kyk?
Maak God se wil jou leuse
in elke lewenskeuse. (Ps 119:30, Jos 24:15, Mat 6:10)

Isak (Gen 18-24).

Abraham glo, maak jy ook so

Abraham het in die onmoontlike geboorte geglo (Gen 18)
en kry toe 'n nageslag soos die sterre daarbo. (Heb 11:11-12)
As jy glo aan Jesus se onmoontlike geboorte, (Luk 1:34-37)?
skenk Hy aan jou die wedergeboorte! (II Kor 4:6, Joh 3:3-6)

Uit geloof hou Abraham 'n mes teen sy seun se nek, (Gen 22)
want hy was oortuig dat God hom uit die dood op sou wek. (Heb 11:17-19)
As jy glo Jesus het uit die dood opgestaan
sal die Lam vir jou sondes na God toe gaan. (I Pet 1:19, Joh 1:36, Op 13:8)?

Abraham het van 'n land net Sara se graf ontvang, (Gen 23)
maar in geloof eerder na die hemelse vaderland verlang. (Heb 11:13-16)
As jy glo die belofte van 'n nuwe land sal in vervulling gaan, (II Pet 3:8-10)
sal jy saam met almal in lof en eer voor Hom gaan staan. (Op 19:5-7, II Tes 1:9-10)

Onmoontlik?

Jy sal beslis volgende jaar,
dié tyd, jou eersteling baar.
Sara het stil agteraf gelag:
Om op haar jare te verwag! (Gen 18:10-14)

Sara, jy moet ook nog leer:
Niks is te buitengewoon vir die Heer...
So het Sara vir Isak gekry
en hom op agt dae laat besny. (Gen 21:1-4)

Ek sal my enigste seun offer, o Heer,
want U kan die onmoontlike laat gebeur.
Ek weet dat U krag selfs so ver strek,
dat U my seun uit die dood kan wek. (Heb 11:18-19)

En jy wat so maklik nie vertrou,
weet dat God sy beloftes hou?
Ja, wanneer gaan jy leer:
Niks is te buitengewoon vir die Heer?! (Gen 18:14, Jes 51:2)?

Onmoontlik? Deur ’n maagd die wêreld in... (Luk 1:34-37)
Onmoontlik? Die dood het Hy oorwin!
Onmoontlik? Ek is weer gebore...
Onmoontlik? Ek is nie verlore! (Luk 18:24-27)

Tien kon Ek nie kry

Sê nou U kry vyftig gelowiges daar,
sal U Sodom en Gomorra dan spaar?
As Ek vyftig kry
gaan Ek verby...

Kan ek nog ’n keer waag:
Is vyf en veertig te laag?
As Ek vyf en veertig kry
gaan Ek ook verby...

Miskien sal U veertig vind:
Wees hul dan goedgesind?
As Ek veertig kry
gaan Ek verby...

Word tog nie vir my kwaad:
Weerhou vir dertig die daad...
As Ek dertig kry
gaan Ek verby...

Ek bly nog waag:
Is twintig te laag?
As Ek twintig kry
gaan Ek verby...

Word nie kwaad vir my:
Wat as U tien daar kry?
Ook al is daar net tien
sal Ek van die straf afsien.

Ek kon in die stad nie kry
eers tien wat glo in My.
Daarom gaan Ek nie verby
die straf kan jy nie vermy.

Ek het die engel daarheen gestuur
om Lot te begenadig in die uur.
Vir Lot het ek gespaar,
maar sy vrou het na agter gestaar...

Here as u vyftig sondelose dae in my lewe kry
Sal ek dan die ewige lewe kry?
As ek vyftig dae kry
gaan Ek by jou verby.

As U veertig, dertig, twintig kry?
Dan gaan Ek verby!

Word nie kwaad vir my:

Wat as U tien dae kry?
Ook al is daar net tien
sal Ek van die straf afsien.

Ek kon in jou lewe nie kry
eers tien dae net vir My.
Daarom gaan Ek nie verby
die straf kan jy nie vermy.

Ek het Christus na die aarde gestuur
om jou te begenadig in die uur,
As Ek oordeel gaan Ek jou spaar:
Jy hoef nie na jou verlede te staar!

Isak en die offer

Jy moet jou seun gaan offer is wat Ek vra. (Gen 22:2)
En Isak het self die offerhout gedra... (Gen 22:6)
Pa, ek kan nie ’n offerlam hier sien?
Seun, God sal self die lam voorsien. (Gen 22:7-8)

Net toe Abraham die mes vat om te slag
Roep God: “Abraham, Abraham, wag!
Nou kon ek duidelik sien
dat jy My regtig dien.” (Gen 22:10-12)

Wat het by Isak se offer gebeur?
God gebruik dit om te leer:
Geloof sal jou nie baat
as dit nie oorgaan in ‘n daad. (Jak 2:21-22).

Abraham was vir die dood nie bang
hy het geweet hy kan Isak terug ontvang. (Heb 11:18-19).
Alhoewel hy geweet het dat hy dit nie verdien
het hy geglo dat Hy God eendag sal sien. (Joh 8:56).

Wat het by Jesus se offer gebeur?
God gebruik dit hierdie keer:
Dis ’n volkome verlossingsdaad
van al jou sonde en kwaad.

As God die onmoontlike van jou vra,
weet ook Hy het sy eie kruishout gedra.
Die plaasvervangende ram
wys heen na Christus, die Lam. (Gen 22:18)

Daarom is ek vir die dood nie bang
want ek weet ek gaan die lewe ontvang.
En al het ek dit nie verdien,
maar ek gaan God eendag sien!

Vervulling van beloftes

Hoekom is jou geduld so min
as God stadig in jou lewe begin?
So, jy verwag vervulling in ’n dag
op elke klein versoek en klag?

Abraham en Sara moes ‘n eeu wag
vir die eersteling van hul nageslag.
Teen die tyd wat Sara toe sterf,
is haar graf hul enigste stukkie werf. (Gen 3:19-20).

Jy mag dalk dink hulle is verkul,
maar pasop voor jy verwyt:
Lees die verhaal vier eeue vooruit
en jy sien God se beloftes is vervul. (Hand 13:25-37)

Deur Jesus Christus se graf,
betaal hy vir jou straf.
Glo die beloftes in Sy Woord,
dan is jou graf net ’n poort! (Hand 13:38-39)

So as jy voel jou geduld is min,
moet jy weer oor vervulling besin:
God sal jou kom haal op ’n dag
en jy moet in gereedheid wag.

God se beloftes vir jou kom van bo.
In vervulling kan jy vashou en glo.
Oor Sy tydslyn moet jy verstaan
dat dit oor ewigheidsdinge gaan... (II Pet 3:8-10. Tit 1:1-3)

Die getroue slaaf

Abraham:
Sit onder my heup jou hand,
en gaan na my geboorteland:
Gaan haal vir Isak ‘n vrou,
waarmee hy kan trou. (Gen 24:1-4)

Slaaf:
Ek hoop die vraag klink nie dom –
Maar wat as sy nie saam wil kom?
Moet Isak dan daarheen gaan?
En bly my opdrag dan nog staan? (Gen 24:5)

Abraham:
As die vrou nie saam wil ry,
is jy van hierdie opdrag vry.
Maar terug moet Isak nie gaan:
Die beloofde land is Kanaän! (Gen 24:6-8)

Slaaf:
Here, betoon tog aan my trou,
en laat kom na die fontein ‘n vrou.
As ek haar vra vir iets te drink,
sal sy vir my kamele ook skink. (Gen 24:12-14)

Rebekka:
Ja, drink gerus my kruik, meneer.
Ek skink ook vir u kamele weer.
Betuel is my liewe vader,
U kan hom vir slaapplek nader. (Gen 24:15-25)

Slaaf:
Ek wil die Here dank en loof,
Hy het gedoen soos Hy beloof.
Ek is Abraham se getroue slaaf,
en U laat sy broer se dogter my laaf! (Gen 24:26-27)

Betuel:
Jy is die man deur God geseën,
waarom staan jy hier alleen?
Jou eienaar se planne is duister,
kom na ons huis dat ons kan luister. (Gen 24:29-31)

Slaaf:
… dit was dan die verhaal
van hoe ek ‘n vrou kom haal.
Die Here het my hierheen gelei,
om u dogter vir Isak te kry. (Gen 24:34-49)

Betuel:

Wat hier gebeur is van die Heer:
Ons kan dit nie probeer keer!
Rebekka moet saam met jou gaan,
maar laat sy nog tien dae staan. (Gen 24:50-55)

Slaaf:
Julle moet my nie ophou,
die Here was aan sy woord getrou.
Laat my na my eienaar gaan:
Die weg is deur die Here gebaan. (Gen 24:56-57)

Rebekka:
Wie is die man daar oorkant?
Wat aangestap kom oor die rant?
Ek trek die sluier oor my gesig,
ek sal dit eers weer na die troue lig! (Gen 24:62-65

God:
Ek het my Seun as slaaf gestuur,
op soek na ‘n bruid vir die uur
wanneer ons die bruilof gaan vier.
Dis waarvoor ek gereed maak hier. (Op 19:7; Op 21:2)

Jakob (Gen 25-36).

Wat jy moet sien, is dat jy die nie verdien...

Isak het gebid vir sy kinderlose vrou. (Gen 25:22)
Rebekka, daar is twee nasies in jou:
Die oudste sal die jongste dien
al sal hy dit eintlik nie verdien. (Gen 25:23)

So moet jy ook jou verlossing sien:
Jy het dit nie self verdien.
Dis nie dit wat jý doen
wat jou met God versoen. (Rom 9:11-13)

Reeds voor die skepping is die loskoping bestem
deur die Lam, sonder gebrek, maar bloedig gelem.
Deur Sy opwekking het God hom heerlikheid gegee.
Dit bring troos, geloof en hoop op God vir jou mee. (I Pet 1:19-20)

Hoe moet ons dan hieroor dink
as dit dan so onregverdig klink? (Rom 9:14)
God ontferm Hom oor wie Hy wil -
maak wat ek doen dan ’n verskil? (Rom 9:18-19)

Wie is jy wat met God redeneer?
Wanneer gaan jy dan leer?
Hy is die Pottebakker wat maak
en self besluit watter voorwerpe kraak... (Rom 9:20-21)

Wees daarom dankbaar en bly,
want jy het wel genade gekry. (Ef 1:6,12)
Ja, wie in Hom bly glo,
deel in die genade van bo. (Rom 9:33)

Verkul na God se wil

Van vroeg af in sy wieg,
was Jakob aan't bedrieg.
Esau se eersgeboorte reg
gee hy vir lensiesop weg... (Gen 25:32-34)

Al was hy nie die oudste seun,
verkul hy en kry die seën. (Gen 27:27)
Esau neem hom voor
om Jakob te vermoor... (Gen 27:41)

Wat mens hier moet sien
is dat beide net straf verdien.
Wat dan so verbasend bly,
is dat Jakob net seën verkry:

Aan die einde van die leer
hoor Jakob die Heer:
"Ek sal jou beskerming verleen
en jou nageslag seën.
Ek hou my verbond in stand
en sal jou terugbring na die land." (Gen 28:12-14)

As iemand homself belangrik ag
bedrieg hy homself nog 'n slag.
Wat Christus se wet wil hê,
is dat ander se las op joú skouers lê. (Gal 6:2-3)

Judas het Jesus uitgewys,
so sterf Hy aan die kruis. (Mat 26:47).
God gebruik selfs die wat verkul
tot uitvoering van Sy wil.

God is lig, is die boodskap aan ons gedeel.
As jy in duisternis lewe het jy aan Hom nie deel!
Bely dat jy bedrieg en en nie in waarheid lewe,
dan word jy deur Jesus se bloed vergewe (I Joh 1:5-8)

By God is wysheid en krag, by Hom is raad en insig.
Hy vernietig, verdroog en hou water terug.
By Hom is daar mag en oorwinning van pyne,
wie bedrieg en wie bedrieg word, is albei Syne. (Job 12:13-16)

Lea en Tamar

Na sewe jaar sou Jakob Ragel kry,
maar dis toe Lea aan sy sy.
Sy was nie die mooiste vrou
maar deur haar loop God se trou. (Gen 29)

Juda is nie die oudste seun,
maar Hy kry die die beste seën. (Gen 49)
Tamar vermom haar soos ’n prostituut
maar deur hulle nageslag word alles nuut. (Gen 38)

Deur hulle geslag se lyn
het alle sonde verdwyn.
Nou is ons nie meer verlore
want deur hulle is Jesus gebore! (Gen 49:8, Mat 1:3)

As mens aan die kruis het Sy krag hom begewe...
Deur God se krag het Hy weer begin lewe. (II Kor 13:4)
Sy krag begin eers in jou werk
as jy besef jy is nie sterk. (II Kor 12:9-10)

Al is jy nie so mooi
en van jou dade rooi,
deur jou wil God ook werk
in die opbou van sy kerk!

'n Volk deur jaloesie

Jakob:
U het gesê ek kan met Ragel trou
toe gee u Lea as my vrou?! (Gen 30:25)

Laban:
Die jongste mag nie voor die oudste trou.
Wag ‘n week dan kry jy Ragel ook as vrou. (Gen 30:26)

Ragel:
Ek is harsteer en broos
want ek is kinderloos. (Gen 29:31)

Jakob:
Ragel is my hart se punt
maar Lea baar my eerste kind… (Gen 29:30,32)

Lea:
Ruben, want God het my smart gesien.
Nou kan ek Jakob se liefde verdien.
Simeon, want die Here hoor:
Jakob trek vir Ragel voor.
Levi is my derde kind:
Dit sal Jakob aan my bind.
Juda, ‘n seun die vierde keer,
daarom prys ek die Heer! (Gen 29:32-35)

Ragel:
Vat Bilha, my slavin as vrou
deur haar gee ek ‘n seun vir jou.
U seuns Naftali en Dan
kom nou van hierdie plan. (Gen 30:3-8)

Lea:
U het my slavin Silpa as vrou gevat
en so kry u die seuns Aser en Gad. (Gen 29:9-13)

Lea:
Vanaand moet u my kom haal
want ek het met appels betaal. (Gen 30:16)
Ek het Isaskar en Sebulon gekry:
Nou sal my man by my bly?

Ragel:
Uiteindelik verwyder God my skande.
Hier lê Josef in my hande. (Gen 30:22-24)

Die twaalfde seun Benjamin oplaas,
nou kan ek die laaste asem uitblaas… (Gen 35:18)

Deur jaloesie en stryd kry Jakob ‘n gesin,
maar God gebruik dit om die volk te begin.
Vir onderlinge liefde was daar nie spasie,
maar die seuns word stamme van die nasie.

Israel het hul rug op God gekeer
maar heidene het hulle bekeer.
Deur jaloesie laat God Israel besin
en kon hulle weer nuut begin. (Rom 11:11-14)

Ons sien in God se gebod
Hy is 'n jaloerse God,
met die boodskap daarin vir jou:
Hy verwag onverdeelde trou. (Eks 34:14 1953 en 1983).

God het uit liefde jou kom red,
so, laat liefde jou hart kom beset
dat dit nie meer plek vir jaloesie het.
Liefde is die uitvoering van die wet. (Rom 13:10, I Kor 13:4-7, 1953).

Jaloesie maak jou ook soms seer,
maar onthou God is in beheer.
Hou die eindpunt in die oog:
Daar waar Hy die trane afdroog! (Op 21:4)

’n Nuwe naam

Oppad terug na sy land
op die Jabbok se rand,
het Jakob met God gestry
en Israel as naam verkry. (Gen 32)

Jakob, wat die betekenis van bedriër het,
verander na Israel wat beteken: God red!
Elke sondaar wat vir Sy Naam stry,
sal eendag ook ’n nuwe naam kry! (Op 2:17)

Hoe moet ons verstaan
dat 'n mens God verslaan?
Maar wat jy moet onthou:
Jesus verneder Hom vir jou:

Dieselfde gesindheid moet in ons wees
wat ons van Jesus Christus lees:
Hy het sy verhewe Godgelyke bestaan
verlaat en is my spykers vasgeslaan. (Fil 2:5-8)

Daarom het God hom vereer
en is sy Naam: Jesus die Heer!
So moet jy ook jou knie buig
en tot eer van God die Vader juig. (Fil 2:9-11)

Josef (Gen 37-50).

Van slaaf na koning

Die stamvaders het Josef as slaaf verkoop
met geboeide voete het hy na Egipte geloop.
Op daardie stadium het hy nog nie verstaan
dat dit oor die voortbestaan van God se volk sou gaan. (Ps 105:16-17, Hand 7:9)

In al die swaar was God altyd daar (Hand 7:9)
en so is Sy drome aan Josef bewaar.
Josef het die toets deurstaan
en so deur al die beproewings gegaan. (Ps 105:19)

Deur God gee Josef aan die Faroao raad.
As heerser oor baie volke is hy vrygelaat.
Hy het as hoof van die koninklike huis gesit
met gesag oor alles wat die koning besit. (Ps 105:20-21)

So het God Josef se geloof laat groei:
Van geliefde seun na slaaf geboei,
daarna om as koning te regeer
en deur dit alles God te eer. (Gen 41:16)

Kanaän spring toe ook nie die hongersnood vry
en die voorvaders kon nerens kos meer kry.
Vir hulp moes hulle na Egipte gaan
en voor Josef vir koring gaan staan. (Hand 7:11-12)

Moenie bang wees vir wat julle gedoen het:
God het my vooruitgestuur om lewens te red. (Gen 45:5)
God het met Sy volk 'n verbond aangegaan
en deur hierdie gebeure sorg hy vir hul voortbestaan.

So het Israel na Egipte gekom,
ook daar het God se seën verstom:
Die Here het die volk vrugbaar gemaak
en hulle het meer as die Egiptenare geraak! (Ps 105:23-24)

Dieselfde siklus is weer deur God beskik:
Israel is as slawe in Egipte onderdruk.
Hy stuur toe Moses om hulle te red
omdat hy 'n verbond met hulle het. (Ps 10:25-26, Hand 7:18-19)

Die siklus gebeur toe 'n derde keer:
As slaaf het Jesus na die aarde gekeer

en dít vir sy volk se voortbestaan.
As koning het hy na die hemel opgegaan. (I Pet 1:11)

God wil ook dat ek die toets deurstaan
as ek deur al die beproewings gegaan. (I Pet 1:5-7)
Wat Hy wil hê ek moet verstaan,
is dit ek ook in hierdie verbond staan.

Deur Jesus Christus is ek ook bevry
uit die voetboeie van sondeslawerny. (I Pet 1:3-4)
Daarom leef ek nou dankbaar bly
sodat God alle eer in my lewe kry. (I Pet 1:8-9)

Josef, die seun

Josef het stories aangedra
en sy pa se mooi kleed gedra.
“Ek droom julle gerwe buig voor my.”
En so het hul ‘n afkeer in hom gekry. (Gen 37:3-7)

Eers wou hulle hom dood maak,
maar toe eerder ‘n slaaf laat raak.
“Pa, dis Jakob se bloedbevlekte kleed!”
“Vir ewig sal ek treur, moet jul weet.” (Gen 37:31-34)

Ek is die Koning van bo.
Sy broers het Hom nie geglo. (Joh 7:5-7)
In plaas van dat hulle daarby baat,
het Sy eie volk Hom gehaat. (Hand 7:51-52)

Dis My geliefde Seun, moet julle weet. (Mark 1:11)
Ek self het Hom ‘n slaaf laat heet. (Fil 2:7)
Hierdie is Sy bloedbevlekte kleed: (Luk 23:34)
Oor Sy dood treur Ek, moet jul weet. (Mark 12:6)

Ek het Hom egter verhef tot die hoogste eer
Elke tong sal erken: "Jesus Christus is die Heer!"
As Hy dus weer kom om ons te vergader,
is dit alles tot eer van God die vader. (Fil 2:9-11)

Josef die slaaf: God by ons

Potifar het hom oor God se teenwoordigheid verstom. (Gen 39:3).
Ook met Josef in die tronk kon almal sien: God is by hom. (Gen 39:21).
In die Ou Testament is dit ‘n goue draad:
God was by sy mense in elke daad. (Jos 1:9; II Sam 7:9; II Kon 6:16; II Kon 6:16)

Vir Josua: Neem in die land Kanaän
Wees sterk want Ek is by jou oral waar jy gaan (Jos 1:9)
Vir Dawid: Ek wil hê jy moet verstaan
Deur my teenwoordigheid het jy die vyand verslaan. (II Sam 7:9)

Benoud roep hy uit: Ons stad is beleër!
Moenie bang wees nie, dié wat by ons is, is meer...
Here, open sy oë dat kan sien in hierdie uur.
Die berge rondom was vol strydwaens van vuur!

Hoe kan ek wegvlug van Hom?
Hoe kan ek U teenwoordighed ontkom?
Al probeer ek vlug van oos na wes,
U teenwoordigheid gee nie bes. (Ps 139:7-10)

Imannuel is gebore:
Ek is nie meer verlore! (Mat 1:23)
Ek is gevul met U Gees:
U sal altyd by my wees. (Joh 14:16-17)

Aan My is alle mag in hemel en op aarde gegee
Doop en deel al die nasies dié vreugde mee
Maak dissipels wat getuig van Hom:
Hy is by julle tot die voleinding kom! (Mat 28:18-20)

Eendag sal daar nie meer ‘n son wees,
maar selfs dan hoef julle nie te vrees,
want Jesus se teenwoordigheid is die lig
en die heerlikheid van God sal alles verlig! (Op 21:22-23).

Josef die tronkvoël: Aan God die eer

In die tronk het God Josef sy troue liefde laat ondervind.
Die gevolg? Die tronkbewaarder was hom goedgesind. (Gen 39:20-22)

Skinker en bakker, hoekom lyk julle so bedruk?
Vreemde drome het ons vannag geruk…
Die drome beteken God gaan dinge laat gebeur:
Goed en sleg en julle kan dit nie keer! (Gen 40:6-7)

Ek het gedroom van sewe vet koeie wat wei
Sewe maer koeie het hulle kom vreet in die vlei! (Gen 40:18-20)
Geen raadgewer kon die droom uitlê,
want God wou deur Josef iets sê:

Deur u droom wil God hê u moet verstaan:
Na oorvleed breek ‘n sewe jaar droogte aan. (Gen 40:28-30)
Bêre in skure u graan,
dan sal u mense nie vergaan. (Gen 40:35-36)

Ek gaan jou die onderkoning maak,
my land se regering is nou jou taak.
Al my onderdane sal buig en jou eer! (Gen 41:39-44)
Nee, o koning, alle eer aan my Heer. (Gen 41:16)

Nie aan ons nie, o Heer,
maar aan U kom al die eer.
Wat U wil, dit doen U nou.
U bewys U liefde en trou: (Ps 115:1-3)

Nederig op 'n donkie het Jesus gereis:
"Ons wil die Koningseun van Dawid prys!
Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!
Selfs in die hoogste hemel prys ons Hom!" (Mat 21:5-9)

Aan God die eer

In die tronk het God Josef sy troue liefde laat ondervind.
Die gevolg? Die tronkbewaarder was hom goedgesind. (Gen 39:20-22)

Skinker en bakker, hoekom lyk julle so bedruk?
Vreemde drome het ons vannag geruk…
Die drome beteken God gaan dinge laat gebeur:
Goed en sleg en julle kan dit nie keer! (Gen 40:6-7)

Ek het gedroom van sewe vet koeie wat wei
Sewe maer koeie het hulle kom vreet in die vlei! (Gen 40:18-20)
Geen raadgewer kon die droom uitlê,
want God wou deur Josef iets sê:

Deur u droom wil God hê u moet verstaan:
Na oorvleed breek ‘n sewe jaar droogte aan. (Gen 40:28-30)
Bêre in skure u graan,
dan sal u mense nie vergaan. (Gen 40:35-36)

Ek gaan jou die onderkoning maak,
my land se regering is nou jou taak.
Al my onderdane sal buig en jou eer! (Gen 41:39-44)
Nee, o koning, alle eer aan my Heer. (Gen 4:16)

Nie aan ons nie, o Heer,
maar aan U kom al die eer.
Wat U wil, dit doen U nou.
U bewys U liefde en trou: (Ps 115:1-3)

Nederig op 'n donkie het Jesus gereis:
"Ons wil die Konningseun van Dawid prys!
Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!
Selfs in die hoogste hemel prys ons Hom!" (Mat 21:5-9)

Josef die koning: God se plan

Toe Josef sy broers se buiging gewaar,
het hy besef sy kinder drome word waar. (Gen 45,6-9)
As kind het hy ons om genade gesmeek
nou word sy dood op ons gewreek! (Gen 45:21-22)

Ek is julle broer wat julle as slaaf verkoop het
God het my vooruit gestuur om lewens te red! (Gen 45:5)
God het my aangestel om te regeer
om ons volk se uitwissing te keer. (Gen 45:7-8)

Julle moet nie voor my buig:
Ek is nie God, het hy getuig.
Moenie bang wees vir my:
God wou ons aan die lewe laat bly. (Gen 50:19-20)

Dankie dat U alles ten goede laat werk
Ja, dat hierdie swaarkry my versterk.
Dankie dat ek kan weet U sal my red.
Ja, dat U ‘n ewige verlossingsplan het!

Jakob se seën (Gen 49)

Kom my seuns, ek wil julle leer
wat met julle nageslagte gaan gebeur. (:1)

Ruben, toonbeeld van my krag,
jy is die oudste en het gesag.
Jy verloor jou leierskap nou,
oor jou vergrype met my vrou. (:2-3)

Simeon en Levi altyd reg vir geweld.
Julle nageslag sal dit ontgeld!
Julle het koelbloedig vermoor,
vespreiding tussen die stamme lê voor. (:6-7)

Juda, jou broers sal jou eer.
Jy sal heers en aanhou regeer,
totdat die heerser, Silo, kom
met sy koningskleed rondom Hom! (:8-12)

Sebulon al is jy die tiende seun,
kom nou hier vir jou seën:
By die skepe op die strand,
dit is jou stukkie land. (:13)

Issaskar het tussen die saalsakke gaan lê
en wou graag die mooi landstreek hê.
Daarvoor was hy bereid
om in te gee vir dwangarbeid. (:14-15)

Dan sal die reg beheer,
maar is ‘n slang oppad daarheen.
Hy pik die perd in sy hak se skeen.
“Ek wag dat U red, o Heer!” (:16-18)

As ‘n bende Gad wil verslaan,
val hy hulle van agter af aan. (:19)

Aser eet ryk kos
Ja, hy eet koningskos. (:20)

Naftali het ‘n mooi nageslag,
soos ‘n takbok wat vry loop in die dag. (:21)

Josef is ‘n boom wat vrugte dra.
Die vyand se boog misluk elke keer,
want hy word beskerm deur die Heer.

Sy broers sal sy leierskap verdra. (:22-26)

Vir Benjamin is hulle bang
in die aand sal hy sy prooi vang.
Ja, soos ‘n wolf wat verskeur,
sal hy sy prooi soggens verteer. (:27)

God het die twaalf stamme gebruik
om sy evangelie my te laat bereik.
Daarom sal ek ook voor Sy troon staan
as deel van die volk met wit klere aan! (Op 7:9)